



Graad 4

Direkte en indirekte rede

Naam: _____

Kwartaal 2

Direkte en indirekte rede

Direkte rede is iemand se eie woorde en dit staan in aanhalingstekens.

Ryan sê: “Ek weet nie wat die Afrikaanse woord beteken nie.”

Andrew sê: “Ek praat baie goed Engels.”

Indirekte rede is wanneer jy weer oorvertel wat jou maat gesê het, bv.

Ryan sê dat hy nie weet wat die Afrikaanse woord beteken nie.

Andrew sê dat hy baie goed Engels praat.

I. **Skryf die volgende sinne in die indirekte rede. (Vertel nou wat die volgende leerders sê.)**

a) “Ek gaan nou swem,” sê Susan.

b) “Ek lees ‘n mooi boek,” sê Tiaan.

c) “Die klok gaan nou-nou lui,” sê juffrou.

d) “Daardie meisie spring baie hoog,” sê Mnr. De Vries.

e) “Ek gaan vir my iets by die snoepie koop,” sê Ricci.

2. Skryf die volgende sinne in die direkte rede.

a) Die man vra vir die vrou of die borde gewas is.

b) Die seun het vir sy ma gevra waar sy bruin broek is.

c) Die meisie sê dat sy 'n nuwe boek gekoop het.

d) Die man sê dat hy nie van die rooi koeldrank hou nie.

e) Die vrou sê dat sy môre vir haar 'n nuwe rok gaan koop.

Lees die storie. Kyk waar oral indirekte rede gebruik is. Maak 'n sirkeltjie om elkeen van die aanhalingstekens in die storie. As 'n sin in aanhalingstekens is, is dit direkte rede. Dit wat 'n persoon of persone gesê het.

Die Rooi Hennetjie

'n Kat, 'n eend, 'n vark en 'n rooi hennetjie met haar vyf klein kuikentjies het saam op 'n plaaswerf gewoon. Eendag kry die rooi hennetjie drie graan korrels. Sy pik hulle versigtig op en gooi hulle in haar mandjie. Toe hardloop sy so vinnig as wat sy kan na die kat en die eend en die vark.

"Kloek-kloek, kyk wat het ek gekry. Drie korrels graan. Ek wil die graan saai, maar die grond is te hard. Wie sal my help om die grond om te spit?" vra die rooi hennetjie.

"Nie ek nie," miaau die swart kat.

"Nie ek nie," kwaak die wit eend.

"Nie ek nie," snork die bruin vark.

"Nou goed dan," sê sy, "dan sal ek self die grond omspit, ek en my vyf klein kuikentjies." Sy roep haar vyf kuikentjies en gee vir elkeen 'n graaf. En hulle skrop en spit en spit en skrop tot die grond goed omgespit is.

Toe hardloop sy weer so vinnig as sy kan na die kat en die eend en die vark. "Kyk, die grond is klaar omgespit. Wie sal my help om die graan te saai?" vra die rooi hennetjie.

"Nie ek nie," miaau die swart kat.

"Nie ek nie," kwaak die wit eend.

"Nie ek nie," snork die bruin vark.

"Nou goed dan, dan sal ek self die graan saai, ek en my vyf klein kuikentjies." sê sy. Sy roep haar vyf klein kuikentjies en saam saai hulle die graan.

Nie lank nie of die graan kom op, maar die onkruid ook.

Toe hardloop sy weer so vinnig as sy kan na die kat en die eend en die vark.

"Kyk, die graan kom op, maar die onkruid kom net so vinnig op," sê sy. "Wie sal my help om die onkruid uit te trek?"

"Nie ek nie," miaau die swart kat.

"Nie ek nie," kwaak die wit eend.

"Nie ek nie," snork die bruin vark.

"Nou goed," sê sy, "dan sal ek self die land eg, ek en my vyf klein kuikentjies." Sy roep haar vyf kuikentjies en saam maak hulle die grond los en trek al die onkruid uit. Nie lank nie of die graan is ryp.

Toe hardloop sy weer so vinnig as sy kan na die kat en die eend en die vark. "Kyk, die graan is ryp. Wie sal my help om die graan te oes?" vra die rooi hennetjie.

"Nie ek nie," miaau die swart kat.

"Nie ek nie," kwaak die wit eend.

"Nie ek nie," snork die bruin vark.

"Nou goed," sê sy, "dan sal ek self die graan oes, ek en my vyf klein kuikentjies." Sy roep haar vyf kuikentjies en saam oes hulle die graan en gooi al die korreltjies in 'n sakkie.

Toe hardloop sy weer so vinnig as sy kan na die kat en die eend en die vark. "Kyk my sakkie graan. Wie sal my help om die graan te maal?" vra die rooi hennetjie.

"Nie ek nie," miaau die swart kat.

"Nie ek nie," kwaak die wit eend.

"Nie ek nie," snork die bruin vark.

"Nou goed dan," sê sy, "dan sal ek self die graan na die meule dra, ek en my vyf klein kuikentjies." Sy roep haar vyf kuikentjies en saam dra hulle die sakkie graan by die hek uit en oor die bult tot by die meule.

“Meulenaar, maal asseblief vir my die sakkie graan,” vra die rooi hennetjie en die meulenaar maal vir haar ‘n sakkie fyn wit meel.

Toe hardloop sy weer so vinnig as sy kan na die kat en die eend en die vark. “Kyk my sakkie meel. Dit is fyn en wit, net reg vir koek. Wie sal my help om die koek te meng?” vra die rooi hennetjie.

“Nie ek nie,” miaau die swart kat.

“Nie ek nie,” kwaak die wit eend.

“Nie ek nie,” snork die bruin vark.

“Nou goed,” sê sy, “dan sal ek self die koek meng, ek en my vyf klein kuikentjies.” Sy roep haar vyf kuikentjies en saam meng hulle die koek.

Toe hardloop sy weer so vinnig as sy kan na die kat en die eend en die vark. “Kyk, die koek is klaar gemeng. Wie sal my help om die koek te bak?” vra die rooi hennetjie.

“Nie ek nie,” miaau die swart kat.

“Nie ek nie,” kwaak die wit eend.

“Nie ek nie,” snork die bruin vark.

“Nou goed dan,” sê sy, “dan sal ek dit self bak, ek en my vyf klein kuikentjies.” Sy roep haar vyf kuikentjies en saam bak hulle die koek. Nie lank nie of die koek is gaar.

Toe hardloop sy weer so vinnig as sy kan na die kat en die eend en die vark. “Kyk, die koek is klaar gebak. Wie sal my help om die koek te eet?” vra die rooi hennetjie.

“Ek sal,” miaau die swart kat.

“Ek sal,” kwaak die wit eend.

“Ek sal,” snork die bruin vark.

Maar die rooi hennetjie lag hulle uit en sê: “Kê-kê. Julle wou my nie help om die grond om te spit nie, of die graan te saai nie, of om die onkruid uit te haal nie, of om die graan te oes nie, of die sakkie graan te maal nie, of die koek te meng nie. Julle wou my ook nie help om die koek te bak nie. Julle hoef my nou ook nie te help nie, dankie. Ek en my vyf klein kuikentjies sal self die koek opeet.” Toe sny sy die koek in ses stukke en sy en haar vyf kuikentjies eet dit smaaklik op. Daar het nie een krummeltjie oorgebly vir die kat of die eend of die vark nie.

Kleur die prentjie mooi netjies in.



Direkte rede

- Skryf die aanhalingstekens (") op die regte plekke in die volgende sinne.

a) Kat antwoord: Ek wil nie help nie.

b) Rooi hennetjie vra: Wie sal my help om die koek te bak?

c) Die eend kwaak en sê: Nie ek nie!

d) Rooi hennetjie vra: Wie sal my help om die grond om te spit?

As rooi hennetjie praat,
skryf ons haar direkte
woorde tussen
aanhalingstekens.
" "

"Ek en my kuikens sal self
die werk doen," sê rooi
hennetjie.

